SimpleStudy®

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2017

## GRAAD 10

**EKONOMIE**
**VRAESTEL 2**

**TYD: 1½ uur**

**PUNTE: 100**

**10 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**Vraestel 2**

**TYD: 1½ uur**

**PUNTE: 100**

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord DRIE vrae soos volg in ANTWOORDBOEK.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige EEN van die TWEE vrae.
   AFDELING C: Beantwoord enige EEN van die TWEE vrae.

2. Beantwoord slegs die regte aantal vrae. Addisionele vrae sal nie gemerk word nie.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel in hierdie vraestel.

4. Skryf die vraagnommer bo-aan elke antwoord.

5. Lees die vrae deeglik deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Los 2 – 3 lyne oop tussen onderafdelings van elke vraag.

8. Antwoord in volsinne en maak seker dat jou antwoorde voldoen aan die vereistes van elke vraag.

9. Gebruik slegs blou of swart ink.

10. Gebruik van nieprogrameerbare sakrekenaar is toelaatbaar.

11. Skryf netjies, duidelik en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **20 PUNTE – 15 MINUTE**

1.1. Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde vir die volgende vrae. Kies die korrekte opsie en skryf slegs die letter (A – D) langs die korrekte vraagnommer (1.1.1 – 1.1.5) in jou ANTWOORDBOEK byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 Wêreldmarkte is ook bekend as … markte.

A kollektiewe
B globale
C perfekte
D plaaslik

1.1.2 Die kurwe wat die verskillende kombinasies van goedere aan dui wat gekoop kan word deur die verbruiker is bekend as die … kurwe.

A begroting
B produksie
C verkope
D aanbodkurwe

1.1.3 Wat van die volgende is NIE ŉ voorbeeld van indirekte belasting NIE?

A Doeanebelasting
B Belasting op toegevoegde waarde
C Aksynsbelasting
D Inkomstebelasting

1.1.4 ... is ŉ voorbeeld van openbare sektor betrokkenheid.

A Subsidies
B Private goedere
C Uitvoere
D Invoere

1.1.5 ... is die mate waarin ŉ produk jou persoonlikie behoeftes en begeertes kan bekostig

A Hulpbronne
B Prys
C Waarde
D Nut

(5 x 2) (10)

1.2 Pas die konsep in KOLOM B met die omskrywing in KOLOM A, deur slegs die letter (A – G) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.1.6) in die ANTWOORDBOEK te skryf.bv. 1.2.8 F

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Monopolie | A Kompromis tussen twee produkte |
| 1.2.2 Waarde | B ʼn Indirekte belasting wat die regering hef op nadelige produkte vir verbruikers |
| 1.2.3 Geleentheidskoste | C ʼn Situasie waar huidige kombinasie goedere en dienste nie maksimum bevrediging verskaf nie |
| 1.2.4 Toewysings ondoeltreffendheid | D ʼn Enkele verskaffer van goedere en dienste aan die mark |
| 1.2.5 Aksynsbelasting | E Die maksimum bedrag wat ʼn verbruiker bereid is om te betaal vir goedere en dienste |
| 1.2.6 Oligopolie | F Goedere wat deur die staat aan die gemeenskap verskaf word |
| | G ʼn Paar verskaffers van ʼn goed of diens aan die mark |

(6 x 1) (6)

1.3 Verskaf EEN term vir die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer neer bv (1.3.1 – 1.3.4) in jou ANTWOORDBOEK.

1.3.1 ʼn Kurwe met ʼn negatiewe helling

1.3.2 ʼn Produk wat in die plek van ʼn ander produk gebruik kan word

1.3.3 Die minimum prys wat vasgestel is bo die mark ekwilibrium prys of mark prys

1.3.4 Produkte wat deur die gemeenskap as belangrik geag word, wat deur almal bekom moet word, ongeag of ʼn persoon dit wil hê of nie

(4 x 1) (4)

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B

Beantwoord slegs EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in jou ANTWOORDBOEK


**VRAAG 2: MIKROEKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE beleide wat die staat kan gebruik om markte te reguleer. (2 x 1) (2)

2.1.2 Wat is die effek van skaars hulpbronne op produsente? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




2.2.1 Verduidelik die konsep *maksimum prys*. (2)

2.2.2 Gee TWEE voorbeelde van metodes wat deur die Suid-Afrikaanse regering gebruik word om markpryse te beinvloed. (2 x 1) (2)

2.2.3 Wat is die impak van maksimum pryse op sekere goedere en dienste? (1 x 2) (2)

2.2.4 Differensieër tussen *hoeveelheid gevra* en *hoeveelheid aangebied*. (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| PRYS PER BAND | HOEVEELHEID GEVRA | HOEVEELHEID AANGEBIED |
|---|---|---|
| 100 | 70 | 10 |
| 200 | 60 | 20 |
| 300 | 50 | 30 |
| 400 | 40 | 40 |
| 500 | 30 | 50 |
| 600 | 20 | 60 |
| 700 | 10 | 70 |

2.3.1 Verduidelik die konsep *ekwilibrium prys.* (2)

2.3.2 Bepaal die ekwilibriumprys vanaf die tabel. (1)

2.3.3 Watter markstruktuur word deur bogenoemde tabel uitgebeeld? (2)

2.3.4 Gebruik die bogenoemde tabel en teken Vraag en Aanbod-kurwes op dieselfde grafiek en dui die ekwilibriumpunt duidelik aan. (5)

2.4 Bespreek kortliks VIER kenmerke van ŉ onvolmaakte mark. (4 x 2) (8)

2.5 Motiveer waarom die regering minimumpryse in die mark implementeer. (4 x 2) (8)
**[40]**

**VRAAG 3: MIKROEKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE mikroekonomiese vraagstukke soos geillustreer deur die produksiemoontlikheidskurwe. (2 x 1) (2)

3.1.2 Verduidelik die term *marginale nut*. (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**[Bron: www.cartoonstock.com]**

3.2.1 Wat is die hoofbron van staatsinkomste? (1)

3.2.2 Noem EEN voorbeeld van ŉ produk waarop die regering nié BTW hef nie. (1)


3.2.3 Wat is die effek van belasting op die prys van goedere en dienste? (2)

3.2.4 Wat is die doelwit met die implementering van ‘sondebelasting’? (2)

3.2.5 Hoekom dink jy hef die regering belasting op ingevoerde goedere? (4)

3.3 Bestudeer die grafiek en antwoord die vrae wat volg.

***Indifferensiekurwe***




3.3.1 Verduidelik die term indifferensiekurwe. (2)

3.3.2 Waarom het indifferensiekurwes ŉ negatiewe helling? (2)

3.3.3 Verduidelik die wet van substituut produkte. (2)

3.3.4 Waarom maak die verbruiker keuses tussen alternatiewe produkte? (2)

3.3.5 Wat word deur die styl helling van die indifferensiekurwe aangedui? (2)

3.4 Bespreek kortliks die samestelling van markte. (4 x 2) (8)

3.5 Na jou mening, wat word deur die produksiemoontlikheidskurwe voorgestel? (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C**

Beantwoord slegs EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in jou ANTWOORDBOEK.
Jou antwoorde sal soos volg nagesien word

| **STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL:** | **PUNTE-TOEGEWYS** |
|---|---|
| **INLEIDING**<br><br>Die inleiding is ŉ laer-orde respons.<br><br>• ŉ Goeie uitgangspunt sou wees om die hoofkonsep te bepaal wat verband hou met die onderwerp van die vraag.<br>• Moenie enige deel van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige deel van die inleiding in die hoofgedeelte van jou opstel insluit nie.<br>• Waak daarteen om in die inleiding te sê wat in die hoofgedeelte bespreek gaan word. | Maks. 2 |
| **HOOFGEDEELTE**<br>Bespreek in detail / Indiepte bespreking / Vergelyk / Ontleed / Kritiese bespreking / Evalueer / Onderskei / Verduidelik / Assesseer / Debatteer. | Maks. 26 |
| **Addisionele gedeelte**<br>Gee eie opinie / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Teken grafieke / Verduidelik / Gebruik grafiek en Verduidelik / Voltooi gegewe grafiek / Bereken / Lei af / vergelyk / Verduidelik / Ontleed / Debateer kortliks / argumenteer / Debateer / Hoe? | Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige relevante hoërorde gevolgtrekking<br>• Kort samevatting<br>• Opinie of waarde oordeel<br>• Addisionele ondersteunende inligting<br>• Teenstrydige oogpunt<br>Aanbeveling | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 4: MIKROEKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

"Produksiedoeltreffendheid is bereik wanneer dit onmoontlik is om deur die hertoewysing van skaars hulpbronne meer van een produk te produseer sonder om minder van 'n ander te produkte produseer"

- Na aanleiding van bogenoemde stelling, bespreek redes vir produksie ondoeltreffendheid. (26)
- Na jou mening, wat is die gevolge van ondoeltreffendheid? (10) **(40)**

**VRAAG 5: MIKROEKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTES**

"Subsidies is 'n vorm van staatsinmenging in die markte."

- Bespreek die redes waarom die regering gebruik maak van subsidie betalings. (26)
- Na jou mening, gee redes hoekom verskillende rolspelers in die ekonomie, subsidies ontvang. (10) **(40)**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**